WAT VAN 'N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 5 en 6 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

12 Junie	**Dora Reynecke,** Wyk 7
18 Junie	**Jorinda Marais,** Wyk 17.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 20 Sondag 12 Junie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 13 **Pieter Glöy** en wyk 14 **Chris van Ryssen.**
Diakens: Wyk 13 **AJ van Niekerk** en Wyk 14 **Banie Nortjé**
Teebeurt: Susters van wyke 5 en 6.
Wyksusters **Dina Coetsee** en **Monique de Klerk**.

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: 1 Petrus 1:1 - 2:1 (AFR'20).
Fokusverse: 1 Petrus 1: 22 - 23.
TEMA: ***Die nuwe lewe in God se hoopvolle kinders word sigbaar in die vurige liefde wat hulle teenoor mekaar uitstraal.***
Voorafsang: Skrifberyming 21:1, 2, 3 (Tema 9 – 4).
Sang tydens erediens: Psalm 136: 1, 2, 3, 20; Skrifberyming 70: 1, 2 (Tema 9 - 3); Psalm 133:1, 2; Skrifberyming 21: 4, 5, 6 (Tema 9 – 4)

AAND Woordbediening: Handelinge 15: 1 - 35 (AFR'20).
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 32a.
TEMA: ***Om eendrag en eenheid in die kerk te bewaar en te bevorder, moet ons alleen vashou aan wat Christus gee en beveel.***
Voorafsang: Skrifberyming 75:1, 2, 3, 4 (Tema 15 – 1).
Sang tydens die erediens: Psalm 135:1, 2; Skrifberyming 43: 2, 5 (Tema 15-7); Skrifberyming 40 5, 6, 7 (Tema 15 – 4).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Kinder- en Ouetehuise (SDDS)*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Ons volhard in ons voorbidding vir **Nico en Leoné**. Nico word steeds in die intensiewe sorgeenheid van die Groenkloof Hospitaal versorg nadat hy ná die geslaagde knievervangings-operasie 'n aantal terugslae beleef het. Dit is ons gebed dat die Here aan Nico en Leoné en hulle kinders (in besonder Tom, Cornelia en Theon) krag, genade en vrede sal gee en dat Nico uit sy Vaderhand genesing mag ontvang.

May Vorster moet D.V. Dinsdag weer chemoterapie ontvang. Ons is saam met haar en br. André dankbaar dat sy ná die laaste behandeling baie goed reageer het en geen ernstige newe-effekte getoon het nie. Dit is ons gebed dat die witbloedseltelling van die toetse wat môre gedoen word, van so 'n aard sal wees dat die behandeling van Dinsdag wel mag voortgaan. Mag u ook die troosvolle ondersteuning van ons hemelse Vader in hierdie tyd ervaar.

Pollie J van Rensburg is Dinsdag uit Medikliniek ontslaan nadat sy behandel is vir longontstekeing en ook infeksie van die niere. Ons is saam met haar en haar dogter, Marina, dankbaar dat dialise nie nodig was nie. Ons bid Pollie volkome herstel toe. Sy moet oor twee weke 'n opvolgbesoek by die internis bring.

Emmarentia Stoop was vir 'n klompie weke siek en is in dié tyd by Danie-hulle aan huis versorg. Die aand van haar terugkeer na haar eie woning het sy egter geval. Ons is dankbaar dat Emmarentia geen beserings opgedoen het nie. Sy word nou weer by Danie-hulle (Marlise) versorg. Ons verseker haar en Danie-hulle van ons voorbidding vir hulle as familie; veral ook met die oog op die toekomstige versorging van Emmarentia.

Henna Labuschagne ondergaan Maandag 'n mediese prosedure. Ons bede is dat die prosedure geseënd sal verloop en dat die uitslag gunstig sal wees.

Alhoewel ons dit nie elke week afkondig nie, bly ons voorbidding doen vir **Mandie de Klerk** wat twee keer per week in Mooimed dialise moet ondergaan. Ons is saam met Mandie hoopvol dat die behandeling vir haar lewenskwaliteit sal bring. Ons dank die Here vir sy genade wat Hy ook in die wonder van die mediese wetenskap aan ons bewys.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

Op versoek van ouers en hulpkategete sal daar vir die duur van die eksamen geen katkisasie wees nie. Verbondsouers word gevra om tuis toe te sien dat Lesse 13-15 se werk behandel word. Ons katkisasiewerksaamhede hervat ná die wintervakansie. Dit sal met Les 16 hervat.

Dagboek

Ma	13/06	Oggend	Huisbesoeke	Volgens afspraak
Di	14/06	Oggend	Huisbesoeke	Volgens afspraak
		15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
		Aand	Huisbesoeke	Volgens afspraak

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

Di	21/06	18:30	Diakonie toerusting	Ou Kerkie
Do	23/06	18:30	Ouderlinge toerusting	Ou Kerkie
So	24/07	10:30	Gemeentevergadering	Kerkgebou

BROERS TER APPROBASIE

Die name van die volgende broers word vir 'n derde maal ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir onderskeidelik die diens van ouderling en diaken. Indien daar geen wettige besware teen die broers ingebring word nie, en hulle die roeping opvolg sal hulle D.V. op Sondag 19 Junie tydens die oggenddiens in die onderskeie dienste bevestig word. Ons bid hulle die leiding van die Heilige Gees toe in die oorweging van hierdie roeping van Christus deur sy kerk:

As ouderlinge: brs. Gerrit Badenhorst, Banie Boneschans, Charles Reynecke, Tom Chambers.

As diakens: brs. Frans Drijfhout, Jan-Adriaan Eloff, Anton Kruger, Johan Coetzee, Hannes Coetzer en Hennie Kruger.